KONSEP

GRONDWET
VAN DIE
APPALOOSA PERDETELERS-GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

27 November 2007

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
WOORDOMSKRYWING	
KLOUSULES	
1. NAAM VAN DIE GENOOTSKAP	
2. DOELSTELLINGS	
3. MAGTE VAN DIE GENOOTSKAP	
4. LIDMAATSKAP	
5. REGISTER VAN LEDE	
6. REGTE EN VOORREGTE VAN LEDE	
7. LEDEGELD EN GELDE	
8. BEDANKINGS, SKORSINGS EN OPHEFFING VAN STEMREG VAN LEDE	
9. HERAANSLUITING VAN LEDE	
10. VERKIESING VAN DIE RAAD EN DIE UITVOERENDE KOMITEE	
11. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD	
12. VERGADERINGS	
13. NOTULES VAN VERGADERINGS	
14. FINANSIËLE BEPALINGS	
15. LIDMAATSKAP VAN DIE VERENIGING EN AFFILIASIE	
16. VERKIESING VAN VERTEENWOORDIGER/S TOT DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE VERENIGING	
17. GRONDWETLIKE WYSIGINGS	
18. KANTOOR VAN DIE GENOOTSKAP	
19. OUTENTIEKE LESING VAN HIERDIE GRONDWET	
ALGEMENE VERORDENINGE	
1. KUDDEBOEK	
2. VOORVOEGSEL EN KENMERKLETTER	
3. IDENTIFIKASIE	
4. NAME	
5. KENNISGEWING VAN GEBOORTES	
6. DEKKING- EN INSEMINERINGSERTIFIKATE EN DIE GESAMENTLIKE BESIT VAN HINGSTE	
7. DRAGTIGHEIDS- EN INTERVULLINGSPERIODE	
8. VEREISTES VIR REGISTRASIE	
9. INSPEKSIES EN PLIGTE VAN DIE INSPEKTEUR/S	
10. REKORDS VAN DIERE	
11. REËLS MET BETREKKING TOT KUNSMATIGE INSEMINERING (K.I.)	
12. REËLS MET BETREKKING TOT DIE OPVANG VAN EISELLE EN EMBRIO-OORPLASINGS (E.O.)	
13. INGEVOERDE EISELLE	
14. REGISTRASIESERTIFIKATE	
15. BEVESTIGING VAN OUERSKAP	
16. OORDRAGTE	
17. HERSTEL VAN DIERE IN DIE KUDDEBOEK	
18. KANSELLERING VAN REGISTRASIE	
19. OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE	
20. NIE-LEDE	

GRONDWET

VAN DIE

APPALOOSA PERDETELERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

1. WOORDOMSKRYWING

Wanneer dit in hierdie Grondwet gebruik word en 'n strydige bedoeling nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken –

“aantekening’, die prosedure waardeur die Genootskap diere in die Basiese Afdeling van die Appaloosa Kuddeboek aanteken;

"Appaloosa-perd" ‘n perd wat in die Kuddeboek geregistreer of aangeteken is of geskik is vir registrasie of aantekening;

"beslissing" ‘n besluit wat wettig deur die Raad geneem word in terme van die Grondwet;

"Departement," die Departement van Landbou in die Nasionale Regering;

"dier", 'n hingsvul, merrievul, reunperd, merrie of hings van die Appaloosa-ras;

"eienaar" (van 'n dier) die persoon wie
(a) (volgens die rekords van die Vereniging) sodanige dier besit; of
(b) tot bevrediging van die Sekretaris bewys lewer dat sodanige dier geskik is om in sy naam geregistreer te word;
(c) ooreenkomstig die regulasies van ‘n erkende Stamboek-organisasie in die land van herkoms van die dier geregtig is om die dier so te registreer of aan te teken;

"eisel", die eisel van 'n dier;

"embrio", die bevrugte eisel van 'n dier;

"Exco" die Uitvoerende Komitee van die Raad van die Vereniging;

"finansiële jaar" die periode soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal as die finansiële jaar van die Genootskap;

"Gebied", Suid-Afrika en sodanige ander lande soos van tyd tot tyd deur die Genootskap met die goedkeuring van die Vereniging bepaal;

"Genootskap", die Appaloosa Perdetelersgenootskap van Suid-Afrika;

"Grondwet", die grondwet (met inbegrip van die Verordeninge) van die Genootskap;

"Hulpstamboek Afdeling" die afdeling van die Kuddeboek waarin Hulpstamboekdiere geskik vir registrasie as sodanig, ingeskryf word;

"Hulpstamboekdier" ‘n dier geregistreer in die Hulpstamboek Afdeling van die Kuddeboek;

"huurder" die persoon wat ‘n dier van ‘n ander persoon huur, word beskou as die “eienaar” van die dier in terme van hierdie Grondwet, indien die dier oorgedra is in die huurder se naam, in die rekords van die Vereniging, vir die duur van die huurperiode;

"inspeksie", die prosedure om ‘n dier wat in die Appaloosa Kuddeboek geregistreer is te inspekteer en goed te keur of te lisensieer vir teeltdoeleindes;

"invoer" die aankoms van diere, semen en embrio’s in enige van die Gebiede en sluit ‘n dier in wat op weg na die Gebiede gebore is;

"invoer standaarde" die minimum standaarde ingevolge die Wet en dié wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word vir die invoer na Suid-Afrika van diere, semen en embrio's;

"klas" die prosedure in gebruik waardeur diere van nie-registrerende lede en nie-lede geklassifiseer word;

"klassifiseer" die prosedure waardeur 'n vroulike dier van 'n geregistreerde lid volgens die vasgestelde standaarde, soos voorgeskryf deur die Genootskap, geklassifiseer word;

"koper", die persoon of persone aan wie eienaarskap of gesamentlike eienaarskap van 'n dier oorgedra word deur die verkoper van sodanige dier;

"Kuddeboek", die Suid-Afrikaanse Appaloosa Kuddeboek gehou deur die Vereniging (hetsy gerekenariseerd of in enige ander vorm) waarin die besonderhede van alle registrasies deur die Genootskap ingeskryf word en wat uit die volgende onderafdelings bestaan: Volgeregistreerde Afdeling, Hulpstamboek Afdeling en enige ander afdeling wat van tyd tot tyd deur die Raad bygevoeg mag word;

"Minister", die Minister verantwoordelik vir landbou;

"oordrag" enige transaksie waardeur enige persoon die reg tot alleen eienaarskap bekom of enige deel of addisionele deel van die eienaarskap van sodanige dier en sluit in die verkoop, ruil, skenking of huur van alleen of gedeeltelike eienaarskap in sodanige dier en die afstanddoening van enige deel in die eienaarskap van sodanige dier;

"oordragdatum" sal beskou word as die datum waarop die alleen eienaarskap van 'n dier in die koper gevestig is;

"Raad", die Raad van die Genootskap aangestel in terme van die Grondwet;

"ras", die Appaloosa-perderas;

"Registrateur" die beampte wat ingevolge Artikel 3 van die Wet as Registrateur van Diereverbetering aangewys is;

"registreer", die prosedure waardeur die Genootskap diere in die Hulpstamboek en Volgeregistreerde afdeling van die Appaloosa Kuddeboek aanteken;

"Skedules" enige skedule waarna in die Grondwet verwys word of deur die Raad bepaal insluitend enige wysiging wat van tyd tot tyd deur die Raad aangebring mag word;

"Sekretaris", die Sekretaris van die Genootskap;

"seleksie" die klassifisering van diere volgens fenotipe;

"semen", die semen van 'n dier;

"'n Suid-Afrikaansgeteelde dier", 'n dier wat in of onderweg na Suid-Afrika gebore is: Met dien verstande dat sodanige dier die nageslag is van:

(a) 'n vader en moeder, beide geregistreerd of geskik vir registrasie in die Kuddeboek;
(b) 'n moeder geregistreer in die Kuddeboek en wie geboorte gegee het aan 'n dier wat gebore word as gevolg van kunsmatige inseminasie met semen ingevoer in ooreenstemming met die bepalings van die Wet; of
(c) 'n moeder as 'n ingevoerde dier in die Kuddeboek geregistreer, maar die betrokke nageslag *in utero* ingevoer is;

"teler" (van 'n dier), die eienaar van -

(i) die moeder ten tyde van die geboorte van 'n dier;
(ii) sodanige dier tydens aansoek om registrasie in die Kuddeboek; of
(iii) die draermerrie ten tyde van kunsmatige of natuurlike dekking;

"uitvoer" die verkoop en versending na enige land buite die Gebiede;

"Vereniging", die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging;

"verkoper", die persoon of persone wie volgens die rekords van die Vereniging, die eienaar/gesamentlike eienaar van 'n dier is, of in die geval van 'n ingevoerde dier, die eienaar in die land van herkoms, wie sodanige dier verkoop het;

"Wet", die Wet op Diereverbetering, 1998 (Wet No 62 van 1998) insluitende die regulasies wat kragtens die Wet uitgevaardig is.

2. AFKORTINGS

Wanneer dit in hierdie Grondwet gebruik word en 'n strydige bedoeling nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken –

"A" ‘n dier wat as Hulpstamboek A in die Hulpstamboek Afdeling van die Kuddeboek geregistreer is;

"AJV" die Algemene Jaarvergadering;

"AHBSSA" die Appaloosa Perdetelersgenootskap van Suid-Afrika;

"B" ‘n dier wat as Hulpstamboek B in die Hulpstamboek Afdeling van die Kuddeboek geregistreer is;

"EO" diere verwek deur die metode van embrio-oorplasing;

"KI" diere verwek deur die metode van kunsmatige inseminasie.

3. GRONDWET

Die Appaloosa Perdetelersgenootskap van Suid-Afrika is geregistreer in terme van die Wet op Diereverbetering, 1998 (Wet 62 van 1998), of enige verdere wetgewing met dieselfde doelstellings as in gemelde Wet.

Aangesien hierdie Grondwet in Engels opgestel, ingedien en oorweeg is, word die Engelse weergawe as outentiek beskou en tensy ‘n teenstrydige bedoeling duidelik blyk tussen die Engelse en enige ander bewoording, sal alle woorde wat na persone in die manlike geslag verwys die vroulike insluit, en woorde in die enkelvoud sal die meervoud insluit.

4. NAAM

Die naam van die Genootskap is die Appaloosa Perdetelersgenootskap van Suid-Afrika.

5. DOELSTELLINGS

Onderhewig aan die bepalings van die Wet en hierdie Grondwet is die doelstellings en magte van die Genootskap –

(e) om die teelt en genetiese verbetering van Appaloosa-perde in die Gebiede aan te moedig, om die rasegtheid van diere te bewaar en om deur alle moontlike en beskikbare middele belangstelling in die ras te bevorder;

(b) om noukeurige verslae van die stambome, prestasie en ander besonderhede te verseker van diere geregistreer of geskik vir registrasie in die Kuddeboek;

(c) om 'n "Standaard van Voortreflikheid" en ander minimum standaarde deur die Raad saamgestel, toe te pas as ‘n voorvereiste vir die registrasie van diere;

(d) om die uitbreiding van die ras aan te moedig deur middel van promosie, bemarkings-veldtogte en verkope;

(e) om die deelname van diere by skoue aan te moedig; om beoordelaars te benoem wat deur die Raad goedgekeur is en wie bevoeg en gekwalifiseerd geag word om die ras te beoordeel; om landbougenootskappe te oortuig van die wenslikheid daarvan om slegs beoordelaars aan te stel wat deur die Raad as sodanig gesertifiseer is;

(f) om die belange van lede in die Gebiede te beskerm en te bevorder, en om in die algemeen alles te doen om uitvoering te gee aan die doelstellings in gevolge die Wet;

(g) om alle ander sake wat betrekking het op die geskiedenis, teling, tentoonstelling, publisiteit, verkope of bevordering van die ras aan te moedig en te reguleer;

(h) Die Genootskap –

(i) mag nie gemoeid wees met enige winsgewende bedrywighede; of deel hê in enige besigheids-, professionele- of beroepsbedrywighede van enige van sy lede, of die voorsiening aan enige van sy lede van geldelike hulp of van enige perseel of aanhoudende dienste of fasiliteite wat deur sy lede benodig word vir die beoefening van ‘n besigheid, professie of beroep nie; en

(ii) het nie die mag om besigheid te bedryf nie, insluitend gewone handels-transaksies in die loop van besigheid, spekulatiewe transaksies, dividend verminderingsaksies, sowel as die aankoop van eiendom vir die verhuring daarvan op ‘n stelselmatige of gereelde basis.

6. MAGTE VAN DIE GENOOTSKAP

6.1 Onderhewig aan die bepalings van die Grondwet sal die Genootskap die mag hê om geboue, grond, goedere, roerende bates en besittings te koop, te huur, op verband te neem of vir die Genootskap aan te skaf; om roerende goedere of vaste eiendom van die Genootskap te verkoop, te verpand, te verhuur, te vervreem of andersins daarvan ontslae te raak; om geld te leen of uit te leen; om enige gelde van die Genootskap te belê of om van tyd tot tyd enige sodanige beleggings te verander of te onttrek en om in die algemeen stappe te neem soortgelyk aan dié wat ‘n regspersoon by wetgewing kan verrig en wat deur die Genootskap nodig geag mag word vir die nakoming van sy doelstellings in belang van die Genootskap.

6.2 Om sodanige funksies te vervul en pligte uit te voer kragtens sy lidmaatskap van die Vereniging en soos deur die Wet neergelê.

7. LIDMAATSKAP

7.1 Verkiesbaarheid van Lidmaatskap

Lidmaatskap van die Genootskap sal beperk wees tot persone wat permanent in die Gebiede woonagtig is, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

7.1.1 Persone agtien (18) jaar en ouer wie direk of indirek by die teelt van diere betrokke is, mag lidmaatskap verkry na goedkeuring deur die Raad.

7.1.2 'n Maatskappy, private maatskappy, of vennootskap wat handel dryf in die Gebiede en wat direk of indirek by die teelt van diere betrokke is, sal geskik wees vir lidmaatskap van die Genootskap. Sodanige maatskappy, private maatskappy of vennootskap moet, benewens die vereiste gegewens wat van alle aansoekers verlang word, die Genootskap verder in kennis stel van die naam en adres van die persoon wat aangestel is om as verteenwoordiger by vergaderings van die Genootskap op te tree (met die reg om ‘n plaasvervanger te benoem, indien verlang: Op voorwaarde dat sodanige benoeming die Sekretaris moet bereik nie later nie as twee dae voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige plaasvervanger moet stem). Alle stukke wat aan sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger gerig is, word beskou as behoorlik deur die maatskappy, private maatskappy of vennootskap bestel te wees en by alle vergaderings wat deur sodanige gevolmagtigde verteenwoor-diger namens die maatskappy, private maatskappy of vennootskap bygewoon word, word die maatskappy, private maatskappy of vennootskap beskou as behoorlik verteenwoordig te wees.

7.2 Indeling van Lidmaatskap

Lidmaatskap sal uit die volgende kategorieë bestaan, elk met die regte en voorregte soos hieronder uiteengesit -

7.2.1 Gewone Registrerende Lede

Gewone Registrerende Lede sal bestaan uit lede wat ‘n unieke voorvoegsel by die Vereniging vir hulle uitsluitlike gebruik geregistreer het. Hierdie unieke voorvoegsel sal aan alle diere toegeken word wat vir hulle registreer word onderhewig daaraan dat hulle aan die vereistes soos uiteengesit in Klousule 8 hieronder, voldoen. ‘n Gewone Registrerende Lid, sal terwyl hy

sy voorvoegsel behou, al sy regte in terme van hierdie klousule behou nieteenstaande sy nominering as ‘n Lewenslange Ere-President.

7.2.2 Gewone Nie-Registrerende Lede

Gewone Nie-Registrerende Lede bestaan uit gewone lede wat nie diere in die Kuddeboek registreer nie.

7.2.3 Lewenslange-Erelede

Vir spesiale dienste gelewer in belang van die Appaloosa-ras en/of die Genootskap mag die Algemene Jaarvergadering 'n persoon tot lewenslange-erelid verkies, op voorwaarde dat dit op aanbeveling van die Raad geskied. Sodanige lewenslange-erelid sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, insluitende stemreg by enige vergadering van die Genootskap en sal ook tot die Raad verkiesbaar wees.

7.2.4 Spesiale Erelede

Persone wie nie noodwendig aktief gemoeid is met die teelt van die ras nie, mag deur die Raad verkies word tot Spesiale Erelid, op sodanige voorwaardes as wat deur die Raad bepaal mag word. 'n Spesiale erelid sal geen stemreg by die vergaderings van die Genootskap hê nie en ook nie tot die Raad verkiesbaar wees nie.

7.2.5 Junior Lidmaatskap

Persone onder die ouderdom van 18 jaar mag, mits die Raad dit goedkeur, junior lede word. Sodanige junior lede sal geen stemreg by vergaderings hê nie en nie tot die Raad verkiesbaar wees nie. Na die betaling van die vasgestelde gelde mag hulle aan die ander aktiwiteite van die Genootskap deelneem.

7.2.6 Subskripsie Lede

Enige persoon, private maatskappy of vennootskap mag aansoek doen vir Subskripsie Lidmaatskap onderhewig daaraan dat hulle voldoen aan die Grondwet. Subskripsie Lede mag nie op vergaderings van die Genootskap stem nie en is ook nie tot die Raad verkiesbaar nie. Subskripsie Lede se voorregte sal wees om al die publikasies van die Genootskap te ontvang.

7.2.7 Gesins Lidmaatskap

Enige lid van die onmiddellike familie of ‘n gewone registrerende lid of ‘n gewone nie-registrerende lid mag ‘n gesinslid word teen ‘n laer lidmaatskapfooi, soos deur die Raad bepaal. ‘n Familielid sal al die regte van lidmaatskap geniet behalwe dié van ‘n teler, behalwe in vennootskap met die gewone lid, en die ontvangs van publikasies van die Genootskap.

7.3 Aansoek om Lidmaatskap

7.3.1 Aansoek om lidmaatskap moet skriftelik aan die Sekretaris gerig word. ‘n Aansoekvorm wat deur die Sekretaris voorsien word, moet voltooi en ingestuur word. Gewone Registrerende Lede moet by die Vereniging vir ‘n voorvoegsel aansoek doen.

7.3.2 ‘n Maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon wat vir lidmaatskap aansoek doen, moet aan die Genootskap sodanige feite en gegewens voorlê as wat nodig mag wees om die aard van die beherende aandeel daarin te bepaal en sulke vennote sal gesamentlik of afsonderlik verantwoordelik wees vir alle verpligtinge in ooreenstemming met die Grondwet van die Genootskap.

7.3.3 Die Raad mag die aansoek om lidmaatskap van enige persoon weier: Met dien verstande dat redes vir sodanige weiering verstrek word.

7.4 Domicile citandi et executandi

Alle stukke wat aan sodanige gevolgmagtigde verteenwoordiger, soos in Klousule 4.3.1 uiteengesit, gerig is, word beskou as behoorlik sewe (7) dae na posdatum op die maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon bestel te wees.

8. GEREGISTREERDE TELERS

Enige persoon woonagtig in die Gebied buite Suid-Afrika wat belangstel om diere te registreer, sal ooreenkomstig Klousule 7.2.1, in aanmerking kom vir aanvaarding as 'n Geregistreerde Teler. Al die bepalings van die Grondwet van die Genootskap, en al die regte, voorregte en verpligtinge van sodanige lede, soos in die Grondwet uiteengesit, sal *mutatis mutandis* op alle lede van toepassing wees wie aansoek doen om by die Genootskap geregistreer te word of wie reeds by die Genootskap as Geregistreerde Teler geregistreer is. Geregistreerde Telers is *ipso facto* aanspreeklik vir kostes en is ook tot die Raad verkiesbaar.

9. REGTE EN VOORREGTE VAN LEDE

Regte van lede sal die volgende insluit :

(a) om alle verslae en ander publikasies te ontvang wat deur die Genootskap vir verspreiding onder lede uitgegee word;

(b) om aansoek te doen om die registrasie van diere in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet;

(c) om te kompeteer vir pryse en premies deur die Genootskap aangebied;

(d) om alle algemene vergaderings van die Genootskap by te woon en om op sodanige vergaderings te stem;

(e) om, indien beskikbaar, alle deskundige tegniese advies met betrekking tot aangeleenthede rakende die ras van die Genootskap se inspekteurs en amptenare te ontvang. Alle koste wat hieraan verbonde mag wees moet deur die aansoeker betaal word.

10. LEDEGELD EN GELDE

10.1 Alle ledegelde of enige ander gelde en kommissie aan die Genootskap betaalbaar, word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, bestuur en beheer.

10.2 Die jaarlikse ledegelde is vooruitbetaalbaar en is op die eerste dag van die finansiële jaar betaalbaar en sal as agterstallig beskou word as dit nie binne dertig (30) dae van sodanige datum betaal is nie, tensy spesiale toestemming ontvang is vir latere betaling.

10.3 Enige lid wie se ledegeld agterstallig is, of wat gelde aan die Genootskap skuld ten opsigte van enige gelde of verpligtinge vir meer as dertig (30) dae nadat ‘n eis om die betaling daarvan per aangetekende pos deur die Sekretaris aan hom gerig is, steeds in gebreke bly om sodanige gelde vir ‘n verdere periode van sestig (60) dae te betaal, sal daarna geen regte en voorregte voortspruitend uit sy lidmaatskap geniet alvorens die agterstallige gelde aangesuiwer is nie.

10.4 Die Raad mag opdrag gee dat rente en/of boetes gehef word op alle agterstallige rekeninge.

10.5 Enige lid wie, in terme van Klousule 10.3, ophou om die regte en voorregte van ‘n lid te geniet en ten spyte van ‘n eis om die betaling daarvan per aangetekende pos deur die Sekretaris, steeds in gebreke bly om die agterstallige gelde binne ‘n verder periode van sestig (60) dae te betaal, sal outomaties sy lidmaatskap van die Genootskap verbeur.

10.6 Enige lid wie, om watter rede ookal ophou om ‘n lid van die Genootskap te wees, sal aanspreeklik bly vir alle bedrae wat ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap deur hom aan die Genootskap verskuldig was.

11. BEDANKINGS, SKORSING EN OPHEFFING VAN STEMREG VAN LEDE

11.1 'n Lid wat sy subskripsie en ander gelde deur hom verskuldig betaal het mag enige tyd as lid van die Genootskap bedank deur skriftelik per aangetekende pos kennis daarvan aan die Sekretaris te gee: Tensy sodanige kennis voor die eerste dag van die finansiële jaar ontvang word sal die lid, nieteenstaande sy bedanking, verantwoordelik wees vir die jaarlikse ledegeld ten opsigte van die finansiële jaar waarin hy bedank, asook enige ander gelde wat deur hom verskuldig mag wees.

11.2 Enige lid stel hom bloot aan dissiplinêre optrede, indien hy:

(a) na 'n versoek daartoe enige inligting weerhou of valse inligting aan die Genootskap, beoordelaars by skoue, of aan amptenare van die Genootskap aangaande die teelt of rekords van 'n dier, verskaf het;

(b) aan die identifikasie van 'n dier sodanige veranderinge aangebring het om enige persoon te mislei, bv. die verwydering of versteking of verbloeming van enige defek;

(c) oortreding van enige Klousule van die Konstitusie of skuldig bevind is op grond van 'n oortreding van die Wet;

(d) deur die Raad skuldig bevind is vir optrede, wat in die opinie van die Raad werklike of moontlike oneer aan die Genootskap gebring het of wat skuldig was aan gedrag ten werklike of moontlike nadeel van die doelstellings van die Genootskap;

(e) enige prestasiedata vervals het of die Genootskap willens en wetens mislei het deur valse inligting te verskaf.

11.3 Die Raad het die mag om uitspraak te lewer.

11.4 Enige lid wat opgehou het om 'n lid van die Genootskap te wees, mag na oordeel van die Raad, weer om lidmaatskap aansoek doen ooreenkomstig die bepalinge van Klousule 7: Op voorwaarde dat sodanige toelating tot lidmaatskap slegs toegestaan sal word op sodanige voorwaardes soos wat in elke afsonderlike geval deur die Raad bepaal.

12. REGISTER VAN LEDE

12.1 Die Genootskap sal 'n register van alle lede hou waarin die datum van toelating tot lidmaatskap, posadres, ander kontak besonderhede, bedrae ontvang en die datum van betalings en agterstallige gelde wat verskuldig mag wees, indien enige, ingeskryf moet word. Die bedanking van 'n lid sal nie aanvaar word totdat alle uitstaande gelde ten volle vereffen is nie.

12.2 Elke lid moet die Genootskap skriftelik van 'n verandering van sy posadres in kennis stel en alle kennisgewings of publikasies wat aan 'n lid se aangetekende adres gestuur is, sal beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

13. VERKIESING VAN DIE RAAD EN UITVOERENDE KOMITEE

13.1 Die belange van die Genootskap sal beheer en bestuur word deur 'n Raad wat uit die volgende nege (9) lede sal bestaan en wat tydens die Algemene Jaarvergadering deur stemming per geslote stembriefies verkies sal word en die amp sal beklee tot die eerste AJV na hul verkiesing, wanneer drie (3) lede deur die lot aangewys sal uittree. Tydens die tweede AJV na verkiesing, sal drie (3) uit die ses (6) lede wat die langste die amp beklee het, die amp neerlê. Alle uittredende lede is herkiesbaar.

13.2 Onmiddellik na afloop van elke AJV sal die verkose Raad 'n vergadering hou waartydens die President, Vise-President, Tesourier en Sekretaris uit die pasverkose Raad verkies sal word en hul amp sal beklee tot die volgende verkiesing van 'n President, Vise-President, Tesourier en Sekretaris: Op voorwaarde dat in die geval van alle Rade, behalwe die eerste Raad wat in terme van hierdie Grondwet verkies is, geen Raadslid tot die amp van President of Vise-President verkies sal word indien hy nie vir 'n periode van een jaar wat die verkiesing voorafgegaan het 'n lid van die Raad was nie.

13.3 Op aanbeveling van die Raad mag persone van tyd tot tyd deur die AJV tot Ere Lewenslange Vise-Presidente verkies word wie *ex officio* lede van die Raad sal wees met die reg om te stem. Daar sal nie meer as twee (2) Ere-Lewenslange Vise-Presidente op enige gegewe tydstip wees nie.

13.4 Benewens die nege (9) verkose lede van die Raad, sal daar ook ‘n verteenwoordiger van die Departement deur die Minister aangewys word om hom op die Raad te verteenwoordig. Sodanige verteenwoordiger sal die reg hê om in ‘n adviserende hoedanigheid alle vergaderings by te woon en aan gesprekke deel te neem, maar sonder stemreg.

13.5 In die geval waar die amp van President of Vise-President vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy tot die Raad verkies is, moet die Raad by sy daaropvolgende vergadering per geslote stembriefies persone uit sy geledere nomineer en een verkies om die vakature vir die onverstreke tydperk te vul onderhewig aan dieselfde voorwaardes as in Klousule 13.2.

13.6 Indien 'n lid van die Raad te sterwe kom, bedank, ophou om lid van die Genootskap te wees of sy amp verbeur ingevolge Klousule 10.6 kan die Raad 'n ander lid van die Genootskap aanwys as sy plaasvervanger met volle magte vir die res van sy dienstermyn. Die Raad sal as behoorlik gekonstitueer beskou word en sal voortgaan om al die magte wat aan hom opgedra is uit te voer nieteenstaande enige vakatures wat daarin mag ontstaan.

14. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

Die Raad het, onderworpe aan die bepalings van die Grondwet en die besluite van die Genootskap soos van tyd tot tyd deur die Algemene Jaarvergadering geneem word, die mag om sodanig op te tree as wat in belang van die Genootskap is, of vir die bevordering en volvoering van sy doelstellings wat nodig of wenslik geag mag word. In besonder het die Raad die mag -

(a) om al die koste en rekenings met betrekking tot die administrasie en bestuur van die Genootskap te betaal;

(b) om na goeddunke werknemers of ouditeure permanent of tydelik of met die oog op spesiale dienste aan te stel, te ontslaan, of te skors, soos van tyd tot tyd nodig geag word ooreenkomstig enige wette waar van toepassing;

(c) ‘n geding in te stel, te voer, te laat voer, te verdedig, of ‘n skikking aan te gaan ten opsigte van enige geregtelike stappe deur of teen die Genootskap of teen enige van sy ampsdraers of amptenare of ander werknemers in verband met die aangeleenthede van die Genootskap; en om enige skulde wat betaalbaar is te verminder, of uitstel te verleen vir die afbetaling daarvan of die voldoening aan enige eise of aanskrywing deur of teen die Genootskap;

(d) om van tyd tot tyd, soos wat dit nodig geag mag word, voorsiening te maak vir die bestuur en sake van die Genootskap, en in die besonder om enige persone aan te stel as die prokureurs of agente van die Genootskap op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag goedvind;

(e) om sodanige reëls en voorwaardes op te stel met betrekking tot en waarvolgens inspeksie en goedkeuring vir registrasie sal plaasvind en om boetes en straf in te stel vir enige oortreding van sodanige reëls en/of voorwaardes;

(f) om algemene vergaderings van die Genootskap te belê, of na aanleiding van ‘n spesiale versoek daartoe wat volgens die bepalings van die Grondwet gerig is, of andersins indien dit noodsaaklik geag word;

(g) om sodanige strawwe of boetes op te lê of af te dwing ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet vir die oortreding of skending daarvan of om dit te wysig;

(h) om enige bylae wat by die Grondwet aangeheg is, te verander of te wysig soos wat van tyd tot tyd nodig geag mag word;

(i) om geboue, grond, goedere, roerende bates en besittings te koop, te huur, op verband te neem of vir die Genootskap aan te skaf, om roerende goedere of vaste eiendom van die Genootskap te verkoop, te verpad, te verhuur, te vervreem of andersins daarvan ontslae te raak;

(j) om op sekuriteit van enige eiendom van die Genootskap geld vir die Genootskap te leen;

(k) om enige gelde wat nie vir die onmiddellike behoeftes van die Genootskap nodig is nie te belê of op enige ander wyse te behartig teen sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes soos die Raad mag goedvind en van tyd tot tyd enige sodanige beleggings te verander of te onttrek: Met dien verstande dat fondse beskikbaar vir beleggings slegs belê mag word by geregistreerde finansiële instellings soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984, en in effekte genoteer op ‘n gelisensieerde effektebeurs soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985);

(l) om verteenwoordigers op die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging te nomineer en om persone te benoem om die Genootskap op enige komitee, liggaam of organisasie te verteenwoordig;

(m) om alle pligte uit te voer en sodanige magte uit te oefen as wat in terme van die Wet aan die Genootskap verleen is.

(n) om in die algemeen alles wat nodig is te doen met die oog op die welvaart van die Genootskap en die hantering van sy sake, altyd op voorwaarde dat enige stappe wat gedoen word of opdragte wat gegee word, nie teenstrydig sal wees met die bepalings van die Grondwet nie;

(o) om enige aansoek om lidmaatskap te weier; en

(p) om inspekteurs aan te stel om alle diere wat vir registrasie aangebied word, te keur en vir die doel van enige ander werksaamhede waarvoor lede van die Genootskap die dienste van inspekteurs mag verlang, en om aan sodanige inspekteurs opdragte te gee en magte te verleen met betrekking tot hul pligte om te verseker dat die doelstellings van die Genootskap uitgevoer word, of om hulle te ontslaan.

15. VERGADERINGS EN PROSEDURES

15.1 Algemene Vergaderings

15.1.1 'n AJV sal gehou word nie later nie as nege (9) maande na die einde van die Genootskap se finansiële jaar. Die datum, tyd en plek van sodanige AJV sal deur die Raad bepaal word.

15.1.2 By so 'n AJV sal die Raad ‘n verslag van die werksaamhede van die Genootskap gedurende die pas afgelope jaar voorlê tesame met 'n behoorlike geouditeerde balansstaat van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het.

15.2 Sake van die AJV

Die sake van die Algemene Jaarvergadering is –

(a) om die finansiële state en verslae van die Raad en die ouditeure te ontvang en te oorweeg;

(b) om lede tot die Raad te verkies;

(c) om enige ander sake te behandel wat ooreenkomstig hierdie Grondwet deur die AJV hanteer moet word:

Op voorwaarde dat enige ander sake wat deur die AJV behandel sal word as spesiaal beskou sal word en geen spesiale sake mag deur die AJV behandel word tensy skriftelike kennisgewing van sodanige sake per voorafbetaalde geregistreerde pos aan die Sekretaris gerig is vyf en dertig (35) dae voor sodanige vergadering sal plaasvind.

15.3 Spesiale algemene vergaderings

Die Raad mag te eniger tyd wanneer dit nodig geag word ‘n spesiale algemene vergadering belê op grond van ‘n skriftelike aansoek daartoe, wat deur nie minder nie as tien (10) lede van Genootskap onderteken is. So ‘n aansoek moet aan die Sekretaris gerig word en moet die doelstellings van die vergadering duidelik uiteensit. Sodanige aansoek mag bestaan uit verskeie dokumente van soortgelyke voorkoms, wat elk deur een of meer lede onderteken is.

15.4 Kennisgewing van vergaderings

15.4.1 'n Voorlopige kennisgewing van die tyd, datum en plek van 'n Algemene Jaarvergadering moet minstens sestig (60) dae voor die vergadering deur die Sekretaris aan elke lid gepos word. Enige lid wat van plan is om enige saak by die Algemene Jaarvergadering vir bespreking voor te lê, moet die Sekretaris nie minder nie as vyf en dertig (35) dae voor die vergadering, skriftelik daarvan in kennis stel. Geen onderwerp wat deur enige lid voorgestel is, sal op die agenda van die AJV geplaas word indien die verlangde kennisgewing van die voorstel nie ooreenkomstig hierdie subklousule gegee is nie. Enige lid wat van voorneme is om ‘n amptenaar tydens die AJV te nomineer, sal kennis daarvan gee op die amptelike nominasievorm om die Sekretaris te bereik nie minder nie as vyf en dertig (35) dae voor die aanvang van die vergadering.

15.4.2 'n Finale kennisgewing van die tyd, datum en plek waarop enige algemene vergadering gehou sal word, tesame met die agenda vir die vergadering, die name van die genomineerde amptenare, posadres en proxy stembriewe in ‘n skrywe uiteengesit of in ‘n amptelike publikasie van die Genootskap, sal minstens een en twintig (21) dae voor die vergadering per voorafbetaalde pos aan elke lid gestuur word. Toevallige versuim om kennis aan enige lid te gee sal nie enige besluit geneem tydens so ‘n vergadering ongeldig maak nie.

15.5 Voorsitter by Vergaderings

Die President beklee die voorsitterstoel by alle vergaderings en indien hy afwesig is beklee die Vise-President die amp. Indien daar nie een van hierdie ampsdraers by 'n vergadering teenwoordig is nie, mag die lede wat teenwoordig is 'n ander lid verkies om by sodanige vergadering die voorsitterstoel te beklee.

15.6 Stemming : Algemene vergaderings

15.6.1 Alle sake wat voor enige vergadering gelê word, tensy andersins voorsien word, moet besleg word deur die meerderheid van stemme van die lede wat by die vergadering teenwoordig is en stemgeregtig is. In die geval van 'n staking van stemme sal die persoon wat by daardie vergadering die voorsitterstoel inneem 'n beslissende stem naas sy gewone stem hê.

15.6.2 Nieteenstaande die bepalings van die voorafgaande subklousule, afgesien van die verkiesing van ampsdraers, sal lede die reg hê om by volmag te stem, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal. Alle volmag stemme moet behoorlik voltooi en drie (3) kalender dae voor die betrokke vergadering plaasvind in besit van die Sekretaris wees

15.6.3 Nieteenstaande die bepalings van die voorafgaande subklousule met betrekking tot die verkiesing van ampsdraers, sal lede die reg hê om per pos te stem. Alle behoorlik voltooide posstemme moet drie (3) kalender dae voor die betrokke vergadering plaasvind in besit van die Sekretaris wees.

15.6.4 Stemming by alle vergadering sal met die opsteek van hande geskied, behalwe in die geval van die verkiesing van ampsdraers, in welke geval stemming per geslote stembriefies sal geskied.

15.7 Verdaging van vergaderings

Enige algemene vergadering mag verdaag word met ‘n twee-derde meerderheidstem van die lede wat daarby teenwoordig is.

15.8 Kworums

Tien (10) lede van die Genootskap wat persoonlik teenwoordig is by die aanvang van enige algemene vergadering sal 'n kworum vorm vir so 'n vergadering. Indien daar by enige algemene vergadering nie ‘n kworum teenwoordig is nie kan die vergadering verdaag tot ‘n tyd (nie minder nie as sewe (7) dae daarna) en plek wat deur die lede persoonlik teenwoordig bepaal word. Op so ‘n uitgestelde vergadering sal tien (10)

lede persoonlik teenwoordig ‘n kworum vorm. Indien daar geen kworum is nie sal die Raad bevoeg beskou word om aandag aan die noodsaaklike aangeleenthede te gee.

15.9 Raadsvergaderings

15.9.1 Die Raad sal op sodanige tyd en plek vergader as wat van tyd tot tyd deur hom bepaal mag word of soos wat die President of in sy afwesigheid die Vise-President mag besluit: Op voorwaarde dat minstens twee (2) Raadsvergaderings gedurende elke finansiële jaar gehou sal word.

15.9.2 ‘n Spesiale Raadsvergadering mag deur die President, of in sy afwesigheid deur die Vise-President, belê word, op sodanige tyd en plek as wat sodanige ampsbekleër mag besluit en sal belê word op grond van ‘n aansoek onderteken deur nie minder nie as vier (4) Raadslede, waarin die redes vir die vergadering gemeld word.

15.9.3 Skriftelike kennisgewing van die tyd, datum en plek van ‘n voorgenome Raadsvergadering moet nie minder nie as een en twintig (21) dae voor die vergadering sal plaasvind, deur die Sekretaris aan elke lid van die Raad gepos word.

15.9.4 Vier (4) Raadslede wat persoonlik teenwoordig is by enige Raadsvergadering sal ‘n kworum vorm.

15.9.5 Geen saak wat behoorlik en grondwetlik op enige vergadering afgehandel is, kan ongeldig verklaar word slegs weens die feit dat enige lid geen kennisgewing kragtens die vereistes van die Grondwet ontvang het nie.

15.9.6 ‘n Lid van die Raad wat van drie (3) agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig was gedurende sy dienstermyn sal verplig wees om as Raadslid te bedank en mag deur ‘n lid van die Genootskap wat ingevolge Klousule 13.7 aangestel is, vervang word.

16. FINANSIËLE BEPALINGS

16.1 Die Raad sal een of meer bankrekenings namens die Genootskap open, waarin alle gelde wat die Genootskap ookal mag ontvang, gedeponeer moet word.

16.2 Alle betalings uit die fondse van die Genootskap sal in die vorm geskied soos deur die Raad bepaal.

16.3 Die Genootskap moet behoorlike rekeningboeke hou wat van tyd tot tyd maar nie minder nie as een (1) keer per jaar deur 'n ouditeur wat deur die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap daartoe aangestel is, geouditeer word.

16.4 Al die besittings van die Genootskap is gevestig in die Raad.

16.5 Alle betalings uit die fondse van die Genootskap word per tjek gedoen en die tjeks moet deur die Sekretaris of ‘n persoon wat deur die Raad daartoe aangestel is, geteken en mede-onderteken word, deur sodanige persoon of persone as wat deur die Raad daartoe gemagtig is,: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die Raad sal verhoed om ‘n kleinkasfonds in stand te hou en te beheer nie. Ook kan sodanige gereelde en gewone maandelikse rekenings wat nie ‘n bedrag wat deur die Raad bepaal is, oorskry nie, kontant betaal word: Op voorwaarde dat die totale bedrag wat nodig is vir die betaling van sodanige rekenings per tjek getrek word.

16.6 Die inkomste en besittings van die Genootskap, uit watter bron ookal ontvang, sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellings van die Genootskap en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te eniger tyd lede van die Genootskap is of was nie. Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die betaling in goeder trou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die Genootskap gelewer is, kan verhoed nie.

17. AFFILIASIES

Die Genootskap sal ooreenkomstig die bepalings van Wet ‘n lid van die Vereniging wees en sal sy lidmaatskap in stand hou op die voorwaardes soos deur die Vereniging se Grondwet bepaal. Die Genootskap mag ook met enige vereniging, genootskap or organisasie waarvan die doelstellings nie strydig is met dié van die Genootskap nie, affilieer of inkorporeer op voorwaarde dat so ‘n besluit goedgekeur word deur minstens twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat by enige Algemene Vergadering van die Genootskap persoonlik teenwoordig is en stem.

18. GRONDWETWYSIGINGS

18.1 Byvoegings tot, of wysigings of veranderings van die Grondwet mag slegs aangebring word deur 'n meerderheidsbesluit van nie minder nie as twee-derdes van die lede wat by 'n algemene vergadering van die Genootskap teenwoordig en stemgeregtig is en stem. Ook moet van die voorgestelde wysigings of byvoegings van die Grondwet asook van die vergadering skriftelik per voorafbetaalde pos kennis gegee word aan elke lid van die Genootskap nie minder nie as een en twintig (21) dae voor die vergadering.

18.2 Sodanige byvoeging tot, of wysiging van die Grondwet wat goedgekeur is soos in Klousule 18.1 hiervan beskryf, sal in werking tree nadat dit aldus dit deur die Vereniging in terme van die Wet goedgekeur is en sal voldoen en voorgelê word aan die Vereniging ooreenkomstig die bepalings van sy Grondwet en die Wet.

18.3 Enige wysiging van die Grondwet moet aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorgelê word.

19. ONTBINDING VAN DIE GENOOTSKAP

Indien daar by die beëindiging of ontbinding van die Genootskap, na vereffening van alle skulde en aanspreeklikhede, enige bates van watter aard ookal oorbly sal sodanige bates nie tussen die lede van die Genootskap verdeel of aan hulle uitbetaal word nie, maar geskenk of oorgedra word aan sodanige ander instelling of instellings waarvan die doelstellings met dié van die Genootskap ooreenstem soos deur die meerderheid van lede op ‘n algemene vergadering van die Genootskap besluit en wat opsigself vrygestel is van inkomstebelasting kragtens Artikel 10(1)(cB)(i)(ff) van die Inkomstebelastingwet.

20. BARRING CLAUSE

Buiten in die uitvoering van sy pligte as sodanig sal geen werknemer van die Genootskap enige diens lewer of betrokke wees by of ‘n aandeel hê in ‘n besigheid of op enige manier betrokke wees by ‘n genootskap, besigheid of instelling wat dieselfde dienste lewer as die AHBSSA nie, tensy skriftelike toestemming daartoe vanaf die Raad ontvang is.

21. KANTOOR VAN DIE GENOOTSKAP

Die kantoor van die Genootskap sal op 'n plek wees soos wat die Raad mag bepaal en enige korrespondensie wat aan die kantoor van die Genootskap gerig is sal beskou word as aan die Genootskap gerig.

ALGEMENE VERORDENINGE

1. KUDDEBOEK

Die aantekening en registrasiestelsel van die Genootskap sal uit die Volgeregistreerde Afdeling, die Hulpstamboek Afdeling en die Basiese Afdeling bestaan Enige lid wat diere in enige van hierdie afdelings aangeteken of geregistreer het, sal tot bevrediging van die Hoofbestuurder of sy verteenwoordiger, volledige rekords van die diere in sy stoet en hul telingsbesonderhede, hou.

1.1 Basiese Afdeling

Enige diere, geregistreer hoër as Hulpstamboek A (of soortgelyk) met goedgekeurde Arabier, Volbloedperde of Quarter Horse registerdiere, mag gebruik word in Appaloosa-perd teeltprogramme en sal as Basiese Afdeling diere aangeteken word. Basiese Afdeling diere moet geteel word van geregistreerde Appaloosas, in die Hulpstamboek of Volgeregistreerde Afdeling, en een van die erkende Appaloosa velpatrone vertoon, ten einde vir hul nageslag om geskik te wees vir registrasie.

1.2 Hulpstamboekafdeling

1.2.1 Hulpstamboek A

(a) Die nageslag van ‘n Basiese Afdeling dier geteel met ‘n geregistreerde Appaloosa van Hulpstamboek A, Hulpstamboek B of Volgeregistreerde status sal geskik wees vir registrasie as ‘n Hulpstamboek A dier: Op voorwaarde dat hulle aan die al die registrasie en inspeksie vereistes voldoen.

(b) Enige reunperd of gesteriliseerde merrie, waarvan een of beide ouers onbekende of nie in die AHBSSA register, geregistreer is nie en wat by volwassenheid 14.3 hande oorskry en die nodige Appaloosa karaktertrekke toon en òf oor ‘n identifiseerbare Appaloosa velpatroon òf oor ‘n gespikkelde velpatroon en òf gestreepte hoewe en/of wit sklera beskik, sal as Hulpstamboek A-diere geregistreer word.

1.2.2 Hulpstamboek B

Die nageslag van ‘n Hulpstamboek A dier en ‘n Hulpstamboek A, Hulpstamboek B of ‘n Volgeregistreerde dier sal geskik wees vir registrasie in die Hulpstamboek B Afdeling: Op voorwaarde dat hulle aan al die registrasie en inspeksie vereistes voldoen.

1.3 VOLGEREGISTREERDE AFDELING

1.3.1 Die nageslag van:

(a) Hulpstamboek B x Hulpstamboek B;
(b) Hulpstamboek B x Volgeregistreerd;
(c) Volgeregistreerd x Volgeregistreerd;

wat aan al die registrasie en inspeksie vereistes voldoen sal geskik wees vir registrasie as Volgeregistreerde diere.

1.3.2 Ingevoerde diere met permanente registrasie in hul land van herkoms sal geskik wees vir registrasie as Volgeregistreerde diere.

1.4 DEELSGETEELDE AFDELING

1.4.1 Appaloosa ‘Sport Horse’

(a) Basiese Afdeling

Enige dier, uitgesluit ‘n grys of ‘n bont perd, geregistreer in ‘n hoër afdeling as Hulpstamboek A (of soortgelyk) met goedgekeurde Warmbloed en Volbloedperd registerdiere mag in Appaloosa “Sport Horse” teeltprogramme gebruik en dan as Basiese Afdeling diere aangeteken word. Basiese Afdeling diere moet gepaar word met

Appaloosa-perde of Appaloosa "Sport Horses" wat 'n erkende Appaloosa velpatroon vertoon.

(b) Appaloosa "Sport Horse"

Die nageslag van 'n Basiese Afdeling Appaloosa "Sport Horse" gepaar met 'n geregistreerde Appaloosa "Sport Horse" of 'n Appaloosa-perd of 'n Hulpstamboek A, Hulpstamboek B of Volgeregistreerde dier, wat 'n erkende velpatroon vertoon, sal geskik wees vir registrasie as 'n Appaloosa "Sport Horse". Die nageslag van 'n Appaloosa "Sport Horse" gepaar met 'n Appaloosa "Sport Horse" sal geskik wees vir registrasie as 'n Appaloosa "Sport Horse".

(c) 'n Geregistreerde Appaloosa-perd mag nie ook as 'n Appaloosa "Sport Horse" geregistreer wees nie.

(d) 'n Appaloosa "Sport Horse" mag nie in enige ander afdeling van die register geregistreer wees nie.

1.4.2 Appaloosa Pony

(a) **Basiese Afdeling**

Enige dier, buiten 'n grys of 'n bont perd, wat nie op die ouderdom van vyf jaar 14.3 hande oorskry nie, en wat in 'n hoër afdeling as Hulpstamboek A (of soortgelyk) geregistreer is, gepaar met goedgekeurde Walliese afdeling A, B, C, Arabier, Volbloedperde, Connemara, Boerperd of Nooitgedacht-ras registers, of enige geregistreerde kombinasie daarvan, mag in Appaloosa Ponie teeltprogramme gebruik word en dan as Basiese Afdeling diere aangeteken word. Basiese Afdeling diere mag gepaar word met geregistreerde Appaloosa-perde of Appaloosa Ponies wat 'n erkende Appaloosa velpatroon vertoon.

(b) Appaloosa Ponie

Die nageslag van 'n Basiese Afdeling Appaloosa Ponie gepaar met 'n geregistreerde Appaloosa Ponie of 'n Appaloosa-perd of 'n Hulpstamboek A, Hulpstamboek B of Volgeregistreerde dier, wat 'n erkende velpatroon vertoon, sal geskik wees vir registrasie as 'n Appaloosa Ponie. Die nageslag van 'n Appaloosa Ponie gepaar met 'n Appaloosa Ponie sal geskik wees vir registrasie as 'n Appaloosa Ponie.

(c) 'n Geregistreerde Appaloosa-perd mag nie ook as 'n Appaloosa Ponie geregistreer wees nie.

(d) 'n Appaloosa Ponie mag nie in enige ander afdeling van die register geregistreer wees nie.

1.4.3 Appaloosa Miniatuur

(a) Basiese Afdeling

Enige Miniatuurperde, buiten 'n grys of 'n bont perd, geregistreer in goedgekeurde Miniatuur-perd-ras registers mag in Appaloosa Miniatuur teeltprogramme gebruik word en dan as Basiese Afdeling diere aangeteken word. Basiese Afdeling diere moet gepaar word met geregistreerde Appaloosa Miniatuurperde wat 'n erkende Appaloosa velpatroon vertoon en by die AHBSSA geregistreer is of deur hulle erken word.

(b) Appaloosa Miniatuur

Die nageslag van 'n Basiese Afdeling Appaloosa Miniatuur gepaar met 'n geregistreerde Appaloosa Miniatuur deur die AHBSSA geregistreer is of deur hulle erken word en wat 'n erkende velpatroon vertoon, sal geskik wees vir registrasie as 'n Appaloosa Miniatuur.

Die nageslag van ‘n Appaloosa Miniatuur gepaar met ‘n Appaloosa Miniatuur sal geskik wees vir registrasie as ‘n Appaloosa Miniatuur.

(c) ‘n Appaloosa Miniatuur mag nie in enige ander afdeling van die register geregistreer wees nie.

1.5 Hingste

Hingste wat volgens die rasstandaard tydens inspeksie ‘n puntetelling van minder as 80% het sal nie geskik wees vir registrasie in enige afdeling van die register nie, behalwe as reunperde.

1.6 Herklassifikasie en Aantekening/Registrasie van Diere

1.6.1 Basiese Afdeling

Diere aangeteken as F1 sal herklassifiseer en as Basiese diere aangeteken word.

1.6.2 Hulpstamboek A

(a) Diere aangeteken as F2 waarvan die besonderhede van een van die ouers nie op rekord is nie, sal herklassifiseer en as Hulpstamboek A geregistreer word.

(b) Diere aangeteken as F3 waarvan die besonderhede van een van die ouers nie op rekord is nie, sal herklassifiseer en as Hulpstamboek A geregistreer word.

1.6.3 Hulpstamboek B

(a) Diere aangeteken as F2 waarvan die besonderhede van die ouers aangeteken is, sal herklassifiseer en as Hulpstamboek B geregistreer word.

(b) Diere aangeteken as F3 waarvan die besonderhede van die ouers aangeteken is, sal herklassifiseer en as Hulpstamboek B geregistreer word.

1.6.4 Volgeregistreerd

(a) Diere aangeteken as F3 waarvan beide ouers en al vier grootouers op rekord is, sal herklassifiseer en as Volgeregistreerd geregistreer word.

(b) Diere aangeteken as F4 waarvan al die grootouers op rekord is sal herklassifiseer en as Volgeregistreerd geregistreer word.

1.7 Publikasie van Kuddeboeke

1.7.1 Die Kuddeboek mag wanneer dit deur die Raad nodig geag word, deur die Vereniging namens die Genootskap gepubliseer word.

1.7.2 Eksemplare van die Kuddeboek sal verkoop word teen ‘n prys wat die koste van die drukwerk en publikasie daarvan sal dek, soos deur die Raad bepaal.

2. VOORVOEGSEL EN KENMERKLETTERS

2.1 Enige lid sal aanvaar word as ‘n registrerende lid: Op voorwaarde dat hy voor die tyd, deur die Genootskap, by die Vereniging vir sy uitsluitlike gebruik 'n voorvoegsel registreer waardeur al die diere wat deur hom geteel is en geregistreer word, onderskei sal word.

2.2 Aansoek om registrasie van sodanige voorvoegsel sal by die Genootskap gedoen en moet vergesel gaan van sodanige registrasiegelde as wat van tyd tot tyd in die Skedule van Fooie voorgeskryf mag word.

2.3 Die oordrag van 'n voorvoegsel van een teler na 'n ander sal nie toegelaat word nie, behalwe –

2.3.1 na ‘n kind of kinders van enige lid gedurende sy leeftyd: Op voorwaarde dat in die geval van ‘n oordrag na meer as een kind, sodanige kinders met sake sal voortgaan in vennootskap, ‘n maatskappy, ‘n geslote korporasie of ‘n trust;

2.3.2 in die geval waar die lid in vennootskap is, na ‘n vennoot of vennote wie met lidmaatskap wil voortgaan;

2.3.3 na die boedel van ‘n afgestorwe lid waar die boedel voortgaan met die sake van die oorledene;

2.3.4 na enige erfgenaam van die boedel of die voorvoegsel in terme van die testament van die oorlede lid; of

2.3.5 na die erfgename van ‘n afgestorwe teler, of soveel van hulle as wat gesamentlik deur die erfgename ooreengekom is, om voort te gaan met sake as ‘n vennootskap, ‘n maatskappy, ‘n geslote korporasie of individueel.

2.4 ‘n Lid sal slegs een voorvoegsel hê behalwe in die geval waar hy die eienaar van meer as een stoet het, in welke geval hy vir ‘n verdere voorvoegsel mag aansoek doen. Hy sal aanspreeklik wees vir die betaling van lidmaatskapgelde aan die Genootskap ooreenkomstig die aantal voorvoegsel wat in sy naam geregistreer is en sal geregtig wees op soveel stemme by ‘n algemene vergadering as wat hy voorvoegsels in sy naam geregistreer het.

2.5 Geen voorvoegsel mag agtien (18) karakters oorskry nie.

2.6 Die naam van ‘n dorp, stad of poskantoor in Suid-Afrika sal nie vir registrasie as ‘n voorvoegsel aanvaar word nie.

3. IDENTIFIKASIE

3.1 Die Genootskap se amptelike stelsel van permanente identifikasie van diere wat vir registrasie in die Kuddeboek in aanmerking kom, is kleurmerke en beskrywing van die dier.

3.2 Die Genootskap moet in kennis gestel word wanneer ‘n kleur en/of patroon verander wat kan veroorsaak dat die dier nie langer uitgeken kan word nie en die sertifikaat van die betrokke dier moet gelyktydig by die Genootskap ingehandig word vir regstelling.

3.3 Behalwe vir die moontlike verpligte brand van diere soos bepaal deur wetgewing of die vrywillige brand van diere geregistreer in die Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek met die geregistreerde brandmerke van die Vereniging, is die aanbring van enige ander brand hoegenaamd, deur die teler of eienaar of sy agent, streng verbode en die registrasiesertifikaat van enige dier so gemerk sal gekanselleer word.

4. NAME

4.1 Geen dier sal in aanmerking kom vir inskrywing in die Kuddeboek tensy dit duidelik gemerk en uitdruklik van ‘n naam of andersins gekaraktiriseer is nie. Die Raad het die reg om enige aansoek ten opsigte van 'n dier wat na sy oordeel 'n misleidende naam het, te weier.

4.2 Geen naam, insluitende afkortings, mag dertig (30) spasies oorskry nie.

4.3 Indien die naam van 'n dier eers geregistreer is, kan dit daarna nie weer gewysig of verander word nie, tensy die naam 'n ooglopende fout openbaar, in welke geval die naam dan net op 'n manier verander sal word as wat nodig is om die fout te herstel.

4.4 Geen voorvoegsel geregistreer in die naam van een teler mag in die naam van ‘n dier wat aan ‘n ander lid behoort, gebruik word nie.

5. KENNISGEWING VAN GEBOORTE EN AANSOEK OM REGISTRASIE

5.1 Die teler van 'n vul van 'n geregistreerde merrie of ‘n merrie wat in die Basiese Afdeling aangeteken is, buiten dié diere waarvoor in Verordening 10.1(b) voorsiening gemaak is, moet die Genootskap binne negentig (90) dae van die geboorte van die vul in kennis stel, ongeag of so 'n vul lewend of dood gebore is, of vir registrasie behou word, al dan nie. Kennisgewing van geboortes wat meer as negentig (90) dae na die geboorte van 'n vul ontvang word, sal slegs aanvaar word onderhewig aan die goedkeuring van die Raad en na die betaling van 'n boete soos wat die Raad mag bepaal. Behalwe in die geval van ingevoerde en basiese afdeling diere, sal enige vul

waarvan die geboorte nie binne ses (6) maande aangemeld is nie, vir registrasie in aanmerking kom nie, tensy dit deur die Raad goedgekeur is.

5.2 Die geboortekennisgewing sal in die geval van ‘n dier wat geskik is vir registrasie ‘n aansoek om registrasie insluit. Op ontvangs van 'n geldige vereiste kennisgewing van geboorte van 'n lewendige vul, wat geskik is vir registrasie, sal ‘n registrasiesertifikaat uitgereik word: Op voorwaarde dat die teler mag aandui dat dit nie vir registrasie is nie in welke geval geen dokument uitgereik sal word nie, maar die geboorte sal nieteenstaande in die rekords van die pa en ma aangeteken word.

5.3 Geen geboortekennisgewing/aansoek om registrasie van ‘n dier sal aanvaar word nie tensy die pa en ma ten tyde van dekking meer as vier en twintig (24) maande oud was en deur inspeksie goedgekeur of gelisensieer is vir teeltdoeleindes.

5.4 Kennisgewings van elke geboorte moet op die voorgeskrewe geboortekennisgewing-/ aansoek om registrasievorm, soos deur die Vereniging goedgekeur, geskied en afskrifte daarvan moet deur die betrokke teler bewaar word sodat dit te alle redelike tye beskikbaar is vir insae en kontrolering deur amptenare van die Genootskap.

5.5 In die geval van veelvoudige geboortes moet die teler benewens die gegewens wat gewoonlik verlang word ook op die geboortekennisgewing-/aansoek om registrasie-vorm van elke vul die naam en geslag van die ander vul of vullens aandui.

5.6 ‘n geboortekennisgewing/aansoek om registrasie ten opsigte van ‘n dier wat deur embrio-oorplasing verwek is moet by die Vereniging ingedien word op ‘n voorafgedrukte vorm soos voorgeskryf deur die Vereniging.

5.7 Die Vereniging sal namens elke teler rekord hou van alle geboortes van vullens, hetsy lewendig of doodgebore, waarvan die betrokke behoorlik kennis gegee het en ook van sodanige ander besonderhede soos deur die Genootskap bepaal.

5.8 Die geboortekennisgewing/aansoek om registrasie sal die volgende verklaring bevat – *“Ek verklaar dat die afstammelinge, telingsbesonderhede en identifikasiemerke van die dier hierin beskryf juis is en dat aan al die vereistes van die Grondwet en die Wet met betrekking tot geboortekennisgewings en registrasies voldoen is.”*

5.9 In geval van ‘n dier wat *in utero* ingevoer is, moet die geboortekennisgewing/aansoek om registrasie vergesel gaan van die nodige dokumente en sertifikate met betrekking tot die biologiese identifikasie van beide skenkers, goedgekeur deur die Stamboek Genootskap (of ‘n liggaam goedgekeur deur die Genootskap) in die land van herkoms, tot dien effekte dat –

(a) die identifikasie van die hings, soos in die gemelde dokumente aangedui, korrek is; en

(b) dat die hings aan die minimum prestasie- en ander vereistes, soos deur die Raad bepaal, voldoen.

6. DEKKINGSERTIFIKATE

Wanneer die geboorte van ‘n vul aangemeld word, moet sodanige kennisgewing vergesel gaan van ‘n dienssertifikaat uitgereik deur die persoon wie, ten tyde van dekking, die geregistreerde eienaar van die hings was. Sodanige dienssertifikaat moet die dekkingsdatum verstrek. Alle vullens mag, op die diskresie van die Raad, van registrasie in die Kuddeboek uitgesluit word.

7. DRAGTIGHEIDSPERIODE

7.1 Die dragtigheidperiode wat ten opsigte van die ras erken word, is driehonderd en veertig (340) dae. Die minimum dragtigheidperiode is driehonderd twee en twintig (322) dae en die maksimum vierhonderd en negentien (419) dae.

7.2 Geen dragtigheidsperiode buite hierdie tydsbestek waarna in Verordening 7.1 verwys word, sal sonder spesiale goedkeuring van die Raad erken word nie tensy ouerskap deur ‘n ouerskapkontroletoets (deur ‘n instansie deur die Raad goedgekeur) bevestig word en indien sodanige diens beskikbaar is.

8. REËLS MET BETREKKING TOT KUNSMATIGE INSEMINERING (K.I.)

8.1 Diere wat in ooreenstemming met die Wet deur kunsmatige inseminering verwek is, sal vir registrasie in aanmerking kom op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is.

8.2 Geen geboortekennisgewing/aansoek om registrasie van diere wat so verwek is, sal met die oog op registrasie aanvaar word nie, tensy dit geëndosseer is "deur Kunsmatige Inseminering verwek".

8.3 Ongeag die bepalings van Verordening 6.1, waar verskillende hingste vir die verskaffing van semen gebruik word vir die kunsmatige inseminering van dieselfde merrie, minder as 28 dae uitmekaar, sal geen nageslag wat verwek word vir registrasie in aanmerking kom nie, tensy die vaderskap deur ‘n ouerskapkontroletoets (deur ‘n instansie deur die Raad goedgekeur) bevestig word.

8.4 Die Genootskap behou die reg om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van kunsmatige inseminering.

8.5 Die Genootskap en die Vereniging behou die reg om te weier om nageslag wat deur kunsmatige inseminering verwek is, aan te teken of te laat registreer indien enige van die reëls nie ten volle nagekom is nie.

8.6 Telers wat in die gebied buite Suid-Afrika woonagtig is en wat ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet die voorregte van die registrasie van diere geniet, mag aansoek doen om die registrasie van kunsmatig verwekte nageslag : Op voorwaarde dat die semen verkry word van 'n bron wat deur die Genootskap goedgekeur is; en verder op voorwaarde dat die opvang van die semen, die hantering daarvan, die inseminering van diere en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.

8.7 Onderhewig aan die bepalings van die Wet mag individuele telers onbeperkte hoeveelhede semen van hul eie hingste vir gebruik op hul eie merries opvang, bevries en vir 'n onbepaalde tydperk opberg. Afstammelinge wat deur die gebruik van sodanige semen verwek word sal vir registrasie in aanmerking kom: Met dien verstande dat –

(a) volledige eienaarskap van die betrokke dier aan die Vereniging voorgelê is;
(b) die amptelike laboratoriumnommer met betrekking tot die biologiese identifikasie van die hings by die Vereniging ingedien is;
(c) die opvang en stoor van die semen uitgevoer is ooreenkomstig die bepalings van die Wet; en
(d) aan alle vereistes van die Grondwet met betrekking tot geboortekennis-gewings en registrasies voldoen is.

8.8 In die geval van die oordrag van ‘n manlike dier (buiten een goedgekeur vir die opvang semen in terme van artikel 10 van die Wet) waarvan semen opgevang, gevries en gestoor is, moet die aansoek vir die oordrag van sodanige hings vergesel gaan van ‘n sertifikaat onderteken deur die verkoper waarin die aantal dosisse semen of semen wat ten tyde van die oordrag gestoor was, aangedui word.

9. REËLS MET BETREKKING TOT EMBRIO-OORPLASINGS (E.O.)

9.1 Nageslag wat in ooreenstemming met die bepalings van die Wet deur embrio-oorplasings ontstaan het, sal vir registrasie in aanmerking kom: Op voorwaarde dat -

(a) beide die semenskenker en die eiselskenker vir sodanige doeleindes deur die Genootskap goedgekeur is;
(b) behalwe in die geval van ‘n dier verwek deur embrio-oorplasing en wat *in utero* ingevoer is, moet die volgende dokumente binne eenhonderd en twintig (120) dae na ‘n embrio-oorplasing ingedien word:
    (i) ‘n behoorlik voltooide inovuleringsertifikaat soos voorgeskryf deur die Vereniging;

(ii) die laboratoriumnommers van die biologiese identifikasie van die manlike en vroulike diere verantwoordelik is vir die betrokke embrio;

(iii) ‘n sertifikaat deur 'n veearts, eisel-oorplaser of in die geval van binnekudde embrio-oorplasing die eienaar of 'n persoon voltyds in sy diens, te dien effekte dat die bepalings van die Wet nagekom is; en

(iv) in die geval van nageslag wat deur inovulering met ingevoerde eiselle ontstaan het, ‘n sertifikaat uitgereik deur ‘n bevoegde liggaam in die land van herkoms, goedgekeur deur die Genootskap en die Vereniging, waarin die name, identifikasie en registrasienommers van die eisel- en semenskenkers, die datum en plek van opvangs, die aantal lewensvatbare eiselle wat opgevang is, en die datum van uitvoer weergegee is;

(c) in die geval van ‘n dier verwek deur ‘n embrio-oorplasing en wat *in utero* ingevoer is, moet die volgende bewyse en dokumente geëndosseer deur die Stamboek-organisasie (of liggaam erken deur die Genootskap en die Vereniging) in die land van herkoms, binne dertig (30) dae na die aankoms van die ontvangermerrie in Suid-Afrika, by die Vereniging ingedien word:

(i) bewys van die dekking of inseminasie en spoeling van die embrioskenker;

(ii) bewys van die oordrag en die oordragdatum na die betrokke ontvangermerrie;

(iii) tweegenerasie stamboom van beide skenkers;

(iv) ‘n sertifikaat en/of dokument met betrekking tot die biologiese identifikasie van beide skenkers; en

(v) bewys dat beide skenkers aan die minimum prestasie en ander vereistes soos deur die Raad bepaal, voldoen;

(d) ‘n geboortekennisgewing/aansoek om registrasie met betrekking tot ‘n dier verwek deur ‘n eiseloorplasing op die voorafgedrukte vorm ingedien word waarna in Verordening 5.6 verwys word;

(e) bevestiging van ouerskap van beide skenkers deur ‘n ouerskapkontroletoets deur ‘n bevoegde liggaam goedgekeur deur die Raad, voorsien is, tensy andersins deur die Genootskap en die Vereniging bepaal; en

(f) aan al die vereistes van die Grondwet met betrekking tot geboorte-kennisgewings/aansoeke om registrasie, inspeksie en/of prestasie en registrasies voldoen is.

9.2 Die Genootskap behou die reg om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van EO deur sy lede.

9.3 Telers wat in die Gebiede buite Suid-Afrika woonagtig is en wat die voorreg van registrasie geniet ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet mag aansoek doen vir registrasie van nageslag wat deur embrio-oorplasings ontstaan het: Op voorwaarde dat die eiselle verkry is van 'n bron wat deur die Genootskap goedgekeur is; en verder op voorwaarde dat die opvang van eiselle, die hantering daarvan, die oorplasing van embrio’s en die hou van verslae op so 'n wyse gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag bepaal.

10. VEREISTES VIR REGISTRASIE

10.1 Die enigste vereistes vir die registrasie van ‘n dier sal die aanvaarding van ‘n gelde geboortekennisgewing wees: Op voorwaarde dat –

(a) die dier nie ‘n grys of bont kleur vertoon nie;

(b) buiten in die geval van Basiese Afdeling diere wat reeds deur ‘n ander Genootskap geregistreer is, inspeksie deur ‘n Genootskap-goedgekeurde inspekteur ‘n voorvereiste is vir diere wat vir teeltdoeleindes gebruik word en sodanige merries sal goedgekeur word en sodanige hingste met ‘n teeltlisensie uitgereik word om aan te dui dat hulle geïnspekteer en vir teeltdoeleindes goedgekeur is;

(c) inspeksie is verpligtend slegs vir teeltdiere, alle ander diere sal by geboorte geregistreer word en, behalwe in gevalle waar spesiale toestemming van die Raad verkry is, sal geen dier onder die ouderdom van agtien (18) maande inspekteer word nie;

(d) die goedkeuring van enige merrie of teeltlisensie van enige hings wat nie aan die minimum prestasie standaard, soos deur die Raad neergelê is, voldoen nie, sal outomaties by die Vereniging gekanselleer word en enige nageslag van so ‘n dier wat verwek is na die kansellasie van die goedkeuring of teeltlisensie sal nie vir registrasie geskik wees nie;

(e) die goedkeuring of teeltlisensie van enige dier wat tydens ‘n stoet of ander inspeksie soos ooreenkomstig Verordening 10 deur die Raad bepaal nie bevestig is nie, sal onmiddellik gekanselleer word en enige nageslag van so ‘n dier wat verwek is na die kansellasie van die goedkeuring of teeltlisensie sal nie vir registrasie geskik wees nie; en

(f) in die geval van ingevoerde semen, ova, embrio’s of perde wat afstam van die ‘Quarter Horse’ “IMPRESSIVE” (nommer 0767246) of hul nageslag, moet negatief toets vir die oorerflike toestand van *Hyperkalemic Periodic Paralysis* (HYPP). Enige aansoek om sulke diere en vullens verwek deur ingevoerde semen, ova of embrio’s moet vergesel gaan van bewys dat die dier vry is van HYPP of nie ‘n afstammelinge van “IMPRESSIVE” is nie; sodanige bewys moet verkry word van ‘n bron wat deur die Raad goedgekeur is. In die geval van ‘n dier wat HYPP positief getoets is nadat dit by die Genootskap geregistreer is, sal die goedkeuring om te teel of die teeltlisensie gekanselleer word.

10.2 In alle gevalle waar die goedkeuring of teeltlisensie van ‘n dier gekanselleer moet word, sal die eienaar versoek word om die dier se goedkeuring of teeltlisensie vir kansellasie aan die Vereniging terug te stuur.

10.3 Indien daar twyfel bestaan oor die besonderhede wat op die geboortekennisgewing/ aansoek om registrasie en meegaande dekkingsertifikaat van 'n dier verskyn ooreenkomstig Verordening 5, mag die dier na oordeel van die Raad van registrasie uitgesluit word.

10.4 **Suid-Afrikaans-geteelde diere**

10.4.1 Behalwe met betrekking tot die bepalings in Verordening 1.1.1(a) (ten opsigte van Basiese Afdeling diere), sal geen aansoek vir registrasie van ‘n Suid-Afrikaans-geteelde dier oorweeg word tensy besonderhede van sy geboorte in terme van Verordening 5 aangeteken is, en

(a) beide ouers; of

(b) die merrie, in die geval van ‘n dier wat *in utero* ingevoer is of voortspruit uit ingevoerde semen;

geregistreer en geïnspekteer is vir teeltdoeleindes en in die geval van merries uitgereik is met ‘n goedkeuring vir teling en in die geval van hingste met ‘n teeltlisensie deur die Vereniging.

10.4.2 In die geval van Basiese Afdeling diere en ingevoerde diere, sal die aansoek vir die registrasie van ‘n dier tesame met die geboortekennisgewing gemaak word. Die aansoek sal –

(a) op vorms geskied soos deur die Vereniging bepaal; en

(b) deur die Genootskap geëndosseer word tot dien effekte dat aan al die vereistes van die Grondwet voldoen is.

10.5 Ingevoerde diere

10.5.1 ‘n Ingevoerde dier of ‘n dier verwek deur ingevoerde semen sal geskik wees vir registrasie op voorwaarde dat die vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* nagekom is.

10.5.2 ‘n Ingevoerde dier sal geskik wees vir registrasie op voorwaarde dat die aansoek vir registrasie vergesel gaan van –

(a) ‘n sertifikaat van registrasie of ‘n uitvoersertifikaat uitgereik deur die Stamboekgenootskap (of bevoegde liggaam goedgekeur deur die Genootskap en die Vereniging) in die land van herkoms;

(b) bewys tot dien effekte dat die betrokke dier aan die registrasie vereistes voldoen soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en die Vereniging goedgekeur mag word; en

(c) ‘n verslag van die inspekteur wat bevestig dat –

(i) die permanente identifikasiemerke soos op die registrasie en/of uitvoersertifikaat aangedui, ooreenstem met die betrokke dier;

(ii) die dier verkoop was en uit die besit van die verkoper op die datum soos aangedui en dat die dier na Suid-Afrika verskeep en/of vervoer was op die datum soos aangedui;

(iii) die dier op die datum soos aangedui op die plaas aangekom het; en

(iv) in die geval van diere wat vir teeltdoeleindes gebruik word, sodanige diere deur ‘n Genootskap-goedgekeurde inspekteur geïnspekteer is en in die geval van merries ‘n goedkeuring en in die geval van hingste ‘n teeltlisensie deur die Vereniging uitgereik is.

10.5.3 Suid-Afrikaanse Stamboek registrasiesertifikate sal ten opsigte van ingevoerde diere uitgereik word.

10.6 Diere verwek deur ingevoerde eiselle

10.6.1 Nageslag wat deur inovulering met ingevoerde eiselle ontstaan het wat aan die vereistes van Verordening 9 en alle ander bepalings van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen het, sal geskik wees vir registrasie.

10.6.2 Sodanige ingevoerde eisel –

(a) opgevang is deur ‘n bevoegde liggaam in die land van herkoms (goedgekeur deur die Direkteur: Dieregesondheid van die van die Nasionale Departement van Landbou) van eiselskenkers wat aan die minimum vereistes vir registrasie voldoen soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en deur Vereniging goedgekeur; en

(b) bevrug moet wees met die semen van ‘n dier wat eweneens aan die bogenoemde minimum vereistes voldoen.

11. INSPEKSIE EN PRESTASIEVEREISTES

11.1 (a) Minimum inspeksie- en prestasiestandaarde as voorvereiste vir registrasie sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word.

(b) Die Raad het die mag om die teeltlisensie af te gradeer of the kanselleer van enige dier wat reeds geïnspekteer en vir teling goedgekeur is indien daar enige bewys is dat die dier enige genetiese afwykings het.

11.2 (a) Geen dier wat ‘n grys of ‘n bont kleur vertoon, sal vir registrasie oorweeg word nie.

(b) Tot sodanige tyd as wat ‘n betroubare genetiese toets vir die teenwoordigheid van grys gene in perde beskikbaar raak sal ‘n Appaloosa beskou word om ‘n grys basis velkleur in die donker kole van die Appaloosa velpatroon te hê wat teenwoordig was tydens kennisgewing van geboorte, verdwyn en wit verkleur op enige stadium in die dier se lewe. In terme van Verordening 12 mag die teeltlisensie van enige sodanige dier gekanselleer word na inspeksie of herinspeksie in die diskresie van die Raad en die nageslag van enige sodanige dier verwek na die kansellasie van die teeltlisensie sal nie vir registrasie deur die Genootskap geskik wees nie.

11.3 Hingste wat ‘n puntetelling van minder as 70% en ‘n merrie wat ‘n puntetelling van minder as 60% het in terme van die rasstandaard tydens inspeksie, sal nie geskik wees vir registrasie in enige afdeling van die register nie, behalwe as reunperde en gesteriliseerde merries.

11.4 Diere mag alleenlik deur ‘n inspekteur goedgekeur en met ‘n teeltlisensie in die geval van hingste en ‘n goedkeuring vir teling in die geval van merries uitgereik word: Op voorwaarde dat hulle aan die volgende hoogte beperkings tydens inspeksie voldoen:
(a) Appaloosa Perde ‘n minimum hoogte van 14 hande, en
(b) Appaloosa Ponies ‘n maksimum hoogte van 14,3 hande.

11.5 Geen dier sal vir registrasie in aanmerking kom as dit met hormonale groeistimulante behandel is nie. Sodanige praktyke sal as strydig met die belange van die Genootskap beskou word.

11.6 Inspeksies en Pligte van Inspekteurs

11.6.1 Die Raad sal ooreenkomstig Klousule 14.1(p) inspekteurs aanstel om alle diere wat geskik is om goedgekeur of gelisensieer te word vir teling, wat ingevoerde diere insluit, op aansoek deur die betrokke teler te inspekteer.

11.6.2 'n Keurder sal elke dier wat vir registrasie in aanmerking kom, keur nadat die inspeksievorm of registrasiesertifikaat, wat ookal die geval mag wees, aan hom voorgelê is. Hy moet homself vergewis dat die identifikasie, ouderdom en ander besonderhede van die dier reg aangegee is en ooreenstem met die dier wat vir keuring aangebied word. Verder moet hy tot eie bevrediging seker maak dat die dier in alle opsigte aan die minimum inspeksie- en prestasiestandaarde voldoen soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

11.6.3 Basiese Register diere, moet vanaf die ouderdom van agtien (18) maande geïnspekteer en goedgekeur word: Op voorwaarde dat aan alle beperkings voldoen is. Slegs die nageslag van Basiese Afdeling diere, buiten dié diere waarvoor in Verordening 10.1(b) voorsiening gemaak is, en geïnspekteerde diere in die Hulpstamboek, Volgeregistreerde en Deelsgeteelde afdelings sal geskik wees vir registrasie. Die keurders het die mag om na eie oordeel enige dier oor te hou vir keuring tydens die volgende besoek.

11.6.4 Enige teler wat nie met 'n inspekteur se beslissing tevrede is nie, mag binne drie weke na die keuring by die Sekretaris appèl aanteken. Sodanige appèl moet van 'n deposito van ‘n bedrag soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, vergesel gaan. 'n Appèlraad wat deur die Raad van die Genootskap aangewys word, sal dan die betrokke dier of diere inspekteer en indien die appèl slaag, sal die deposito terugbetaal word minus die kostes deur die Raad aangegaan.

11.6.5 Behalwe in die gevalle waarna verwys word in Verordening 10.5.2(c), sal telers vroegtydig van die tyd en datum van die inspekteur se voorgenome besoek in kennis gestel word: Op voorwaarde dat ‘n inspekteur in opdrag van die Raad van tyd tot tyd sonder vooraf waarskuwing, ‘n algemene inspeksie van enige lid se stoet mag doen.

11.6.6 Bo en behalwe die inspeksies waarna hierbo verwys word, mag inspekteurs ander pligte met die goedkeuring van die Raad verrig wat die volgende insluit:
(a) klassifikasie of gradering op aansoek van die betrokke teler; en
(b) demonstrasies en lesings tydens boeredae of beoordelaarskursusse.

11.6.7 Inspekteurs in diens van die Genootskap mag nie instruksies van telers of nie-lede aanvaar om die koop en verkoop van diere te bewerkstellig nie en ook nie enige kommissie ontvang voortspruitend uit die koop of verkoop van diere nie: Op voorwaarde dat hierdie bepaling nie op telers wat as inspekteurs aangestel is van toepassing is nie.

11.6.8 Geen teler mag optree as keurder van sy eie diere nie.

11.6.9 Tariewe ten opsigte van inspeksies en ander pligte deur inspekteurs verrig sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word.

12. REGISTRASIESERTIFIKATE

12.1 Uitreiking van Sertifikate

12.1.1 'n Registrasiesertifikaat sal na ontvangs van 'n geboortekennisgewing en aantekening van 'n Appaloosa geskik vir registrasie in die Hulpstamboek, Volgeregistreerde of Deelsgeteelde Afdeling deur die Vereniging deur die Genootskap, uitgereik word. Goedkeuring vir merries en 'n teeltlisensie vir hingste, in 'n formaat soos bepaal deur die Raad en goedgekeur deur die Vereniging, sal uitgereik word sodra 'n Appaloosa in die Hulpstamboek, Volgeregistreerde en Deelsgeteelde Afdeling geregistreer is en deur 'n inspekteur vir teeltdoeleindes goedgekeur is, sal die nageslag van sodanige diere geskik wees vir registrasie: Op voorwaarde dat buiten in die geval van Basiese Afdeling diere, buiten dié diere waarvoor in Verordening 10.1(b) voorsiening gemaak is, die pa en ma van sodanige nageslag behoorlik deur die Genootskap geregistreer is en deur 'n inspekteur vir teeltdoeleindes goedgekeur en met 'n amptelike goedkeuring of teeltlisensie uitgereik is.

12.1.2 Enige nageslag van 'n dier wat nie deur die inspekteur vir teeldoeleindes goedgekeur is nie en waar geen goedkeuring of teeltlisensie uitgereik is nie, sal nie vir registrasies geskik wees nie.

12.2 Oorspronklike Sertifikate

12.2.1 Registrasiesertifikate wat ten opsigte van diere uitgereik word sal met die toestemming van die Vereniging, in die formaat wees soos deur die Genootskap verlang.

12.2.2 In die geval van nageslag verwek deur eisel-oorplasing, sal die letters EO agter die naam van die dier op die registrasiesertifikaat gedruk word.

12.3 Veranderings of Byvoegings op Registrasiesertifikate

Enige wysiging van of byvoeging tot die inligting of besonderhede wat amptelik op enige registrasiesertifikaat voorkom en wat nie deur die Hoofbestuurder van die Vereniging geparafeer is nie, of enige ongemagtigde endossement of opmerking op sodanige sertifikaat wat betrekking het op die essensiële inligting of besonderhede wat daarin vervat is, sal sodanige sertifikaat ongeldig maak.

12.4 Duplikaat of Vervanging van Registrasiesertifikate

Op ontvangs van 'n skriftelike aansoek van die eienaar van 'n dier in wie se naam die betrokke dier laaste geregistreer is , vergesel van 'n verklaring deur die aansoeker waarin die gebeure duidelik uiteengesit word, sal die Vereniging 'n duplikaat van die oorspronklike sertifikaat uitreik wat beskadig, per ongeluk vernietig of verlore is.

12.5 Kansellering van Registrasiesertifikate, Goekeurings of Teeltlisensies en die Herinstelling van Diere

12.5.1 Die Raad mag die Sekretaris versoek om by die Vereniging aansoek te doen om die kansellering van die geboortekennisgewing, registrasie, teeltgoedkeuring of teeltlisensie van enige dier wat –

(a) verkeerdelik aangeteken, geregistreer, goedgekeur of gelisensieer is;

(b) aangeteken, geregistreer, goedgekeur of gelisensieer is op grond van valse of bedrieglike inligting wat deur die eienaar verstrek is;

(c) aangeteken, geregistreer, goedgekeur of gelisensieer is nadat die eienaar versuim het om te voldoen aan die vereiste van enige toepaslike Verordening;

(d) in die geval van vroulike diere, versuim om aan die minimum reproduksie standaarde te voldoen soos wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word;

en om die teler of eienaar dienooreenkomstig in kennis te stel.

12.5.2 Die Raad mag die Vereniging versoek om die teeltgoedkeuring van enige merrie of the teeltlisensie van enige hings te kanselleer wat –

(a) nie aan die prestasie standaarde voldoen het nie soos wat van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel mag word; of

(b) versuim het om tydens inspeksie deur 'n inspekteur aangestel deur die Genootskap, aan die minimum inspeksie standaarde te voldoen;

en die teler of eienaar dienooreenkomstig in kennis te stel.

12.5.3 Indien 'n dier wat geregistreer is vrek, vir slagdoeleindes verkoop, gekastreer of vir enige ander omstandighede wat die sertifikaat se kansellering of endossering in terme van die Grondwet noodsaak, moet die registrasie-sertifikaat wat deur die Vereniging uitgereik was binne sestig (60) dae na sodanige dier se dood, verkoop vir slagdoeleindes, kastrering en/of endossement, aan die Vereniging teruggestuur word vir kansellering of endossering.

12.5.4 Alle dokumente wat sodanig teruggestuur is sal na behore geëndosseer word en by die Vereniging gehou word vir 'n periode van ses (6) maande, waarna dit aan die Genootskap teruggestuur of vernietig sal word.

12.5.5 Indien die registrasiesertifikaat, teeltgoedkeuring of teeltlisensie van 'n dier gekanselleer is, sal sodanige dier in die rekords van die Vereniging herstel word: Op voorwaarde dat die aansoek om herinstelling van die dier deur dieselfde persoon aangevra word wat om die kansellering van die registrasiesertifikaat, teeltgoedkeuring or teeltlisensie aansoek gedoen het. Die aansoek om die herinstelling van 'n dier moet vergesel gaan van die gelde wat van tyd tot tyd hiervoor deur die Raad bepaal word.

12.6 Sertifikaat van uitgebreide stamboom

'n Lid mag deur die Genootskap by die Vereniging aansoek om 'n sertifikaat van 'n uitgebreide stamboom met betrekking tot 'n dier. Elke sodanige aansoek moet van die voorgeskrewe gelde vergesel gaan soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.

13. OORDRAG VAN GEREGISTREERDE DIERE

13.1 Enige persoon (hierna genoem die verkoper) wie eienaarskap of gedeeltelike eienaarskap in 'n dier, geregistreer in die Genootskap se Kuddeboek oordra, moet binne een (1) maand vanaf datum van sodanige oordrag die Genootskap met die amptelike registrasiesertifikaat van die betrokke dier voorsien, met die volle naam en adres van die persoon of persone wat sodanige eienaarskap bekom het (hierna genoem die koper), die datum van oordrag en die handtekening van die verkoper of sy behoorlik gemagtigde agent.

13.2 Indien die dier wat oorgedra word 'n dragtige merrie is, moet die verkoper die koper van 'n dienssertifikaat of inseminasiesertifikaat in terme van die regulasies van die Wet voorsien, hetsy bevrugting deur natuurlike dekking, kunsmatige inseminasie of embrio-oorplasing plaasgevind het. Sodanige dienssertifikaat, inseminasiesertifikaat of embrio-oorplasingsertifikaat sal die datum van dekking, inseminering of embrio-oorplasing, of die periode wat die betrokke merrie deur sodanige hings gedek kon gewees het en die volle naam en registrasie nommer van beide die betrokke merrie en die hings, bevat.

13.3 Nieteenstaande die bepalings van Verordening 13.1 hierbo, mag die Raad na eie oordeel in omstandighede wat as uitsonderlik en verdienstelik van kwytskelding is, ‘n aansoek om oordrag van eienaarskap of gedeeltelike eienaarskap van sodanige dier aanvaar, indien die aansoek die Sekretaris na die voorgeskrewe periode van een (1) maand bereik, en op voorwaarde dat die nodige fooie soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, deur die koper betaal word.

14. GESAMENTLIKE BESIT VAN DIERE

14.1 Wanneer ‘n dier oorgedra word aan gesamentlike eienaars, moet die volle naam en adres van elke mede-eienaar aangedui word en die aansoek vir die amptelike oordrag moet vergesel gaan van ‘n skriftelike verklaring.

14.2 Indien vroulike diere van telers (ander telers as die mede-eienaars) deur die betrokke hings gedek word, moet die dekkingsertifikate wat ooreenkomstig Verordening 5 vereis word, geteken word deur die mede-eienaar op wie se plaas die hings was tydens die dekking van sodanige merries: Op voorwaarde dat die optrede van ‘n beampte van die Genootskap voldoen aan die Grondwet van die Genootskap en die Wet, sal die optrede van die beampte nie op homself van toepassing wees en sal hy nie aanspreeklik of verantwoordelik wees vir sodanige optrede nie.

15. BEVESTIGING VAN OUERSKAP

15.1 Die Raad behou die reg voor om te eniger tyd indien dit nodig geag word, ‘n ouerskapkontroletoets van enige dier te vereis met die oog op identifisering van die dier.

15.2 Nieteenstaande die verpligte ouerskapkontroletoetse vir embrio-oordragte in Verordening 9.1(e), moet alle teeltmerries en stoethingste getoets word deur die gebruikmaking van ‘n ouerskapkontrole metode soos voorgeskryf deur die Raad voor gebruik vir natuurlike dekking of K.I.

15.3 Alle ouerskapkontroletoetsverslae moet afkomstig wees van ‘n bron wat deur die Raad goedgekeur is.

15.4 Die teler of die Genootskap, soos deur die Raad bepaal, sal vir die koste van die ouerskapkontroletoetse wat in terme van hierdie verordening benodig word, verantwoordelik wees.

16. INVOER EN UITVOER VAN DIERE, SEMEN EN EISELLE

16.1 Aansoeke vir die in- en uitvoer van diere, semen en eiselle sal, ooreenkomstig die Wet, in duplikaat en op die vorms verkrygbaar van die Registrateur, by die Genootskap ingedien word tesame met die voorgeskrewe gelde. Die Genootskap sal een (1) afskrif tesame met sy aanbeveling en die dokumente wat die besonderhede weergee, aan die Registrateur stuur.

16.2 Die Raad sal minimum prestasie- en ander vereistes vir die invoer en uitvoer van diere, semen en eiselle bepaal en geen sodanige invoer of uitvoer sal deur die Genootskap by die Registrateur aanbeveel word tensy aan al die genoemde vereistes voldoen is nie.

16.3 Ingevoerde diere en diere verwek deur ingevoerde semen en eiselle wat aan die minimum vereistes waarna in Verordening 16.2 verwys word, en die vereistes van die Grondwet, sal geskik wees vir registrasie.

16.4 Die Vereniging mag, op aansoek, uitvoersertifikate uitreik ten opsigte van diere semen of eiselle in die formaat soos deur die Genootskap verlang en deur die Vereniging goedgekeur.

17. WERKNEMERS VAN DIE GENOOTSKAP

Geen werknemer van die Genootskap mag, behalwe in die uitvoering van sy pligte as sodanige werknemer, enige diens lewer of by enige besigheid in verband met die koop en verkoop van diere betrokke wees nie.

18. OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE

Ondanks enige bepalings in die Grondwet strydig hiermee, mag enige lid deur 'n volmag prokurasie, behoorlik uitgereik en deur die Sekretaris geliasseer, 'n ander persoon volmag gee om namens hom geboortekennisgewings/aansoeke om registrasie, aansoek om oordrag, oordragsertifikate, dekkingsertifikate, opgawes of verslae of enige ander dokument met betrekking tot die administrasie van 'n stoet te onderteken en enige sodanige handtekening deur so 'n ten volle gemagtigde persoon sal deur die Genootskap as net so geldig en bindend aanvaar word asof dit die lid se eie handtekening is: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, so 'n gevolgmagtigde persoon daartoe in staat sal stel om op enige moontlike manier deel te neem aan die nominering van die stemming vir enige Raadslid, of oor enige aangeleentheid waaroor sy prinsipaal stemreg het, of om enige vergadering namens sy prinsipaal by te woon nie.

19. NIE-LEDE

Sodanige voordele van lidmaatskap as wat die Raad mag bepaal, mag aan nie-lede verleen word. Met dien verstande dat geen wetlike of ander verpligting op die Genootskap sal rus ten opsigte van sodanige nie-lede nie en op verdere voorwaarde dat alle gelde met betrekking tot enige dienste wat deur die Genootskap aan nie-lede gelewer word. Sodanige gelde sal vooruitbetaalbaar wees.

20. KLUBS VAN APPALOOSA-PERDE

20.1 Geen Appaloosa Klub sal erken of met die Genootskap geaffilieer word nie tensy dit deur ‘n Grondwet, reëls en regulasies bestuur word, soos goedgekeur deur die Raad.

20.2 Sodanige Klubs sal binne goed gedefinieerde grense funksioneer.

20.3 Enige funksie wat onder die jurisdiksie van ‘n geaffilieerde Klub gehou word sal onderworpe wees aan die goedkeuring van die Raad.